Chemists PLUS apteke
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXIV NOMMER 12 11 MEI 1979

TOPS
Uitsig Deurloop
Tel. 21112
VIR: Rekenaars
Witjasse
Dissekteerstelle
* * * * *
Skoonheidsmiddels
* * * * *
Geskenke



*Die twee dirigente reeds hoog in die takke voor die Intervarsity op soek na die Raukies wat kouevoete gekry het.*

# OORLOG IS KULTUUR

**"Die demokrasie soos dit in die Weste bestaan, het as gevolg van die patetiese navolging van niksseggende idees, soos byvoorbeeld menseregte, begin verword".**

So het mnr. Heinz Lass van die Sentrum vir Internasionale Politiek Woensdagaand, 2 Mei, tydens 'n Korpsaksie gesê.

Mnr. Lass, wat oor sielkundige oorlog gepraat het, het gesê dat die Weste 'n onsettende agterstand het teenoor die kommunistiese blok as gevolg van onkunde, naïwiteit en 'n gebrek aan strategiese eindoogpunte en 'n geloofwaardige ideologie in die Weste.

Die ideologiese stryd was vroeër nie so geweldig nie. Dit het eers na die Tweede Wêreld-oorlog begin toeneem. "Dit is belangrik dat die groot omvang van hierdie stryd besef word", het hy gesê.

Die oogmerke vir 'n Westerse ideologie is maar vaag. "Daar is 'n dringende behoefte na duidelikheid oor dié aangeleentheid", het hy gesê, "maar die Weste se houding is egter kortsigtig en onverskillig in dié opsig."

Die begrip oorlog het sedert die wêreldoorlog 'n verandering ondergaan. Dit is nou 'n oorlog met sielkundige middele waarin propaganda baie belangrik is.

Mnr. Lass het onderskei tussen drie begrippe van belang. Hy het gesê informasie en propaganda moet deeglik verstaan word voordat daar oor sielkundige oorlog besin kan word.

"As jy jou vyand en gevare nie ken nie, weet jy nie wat om van hom te verwag nie," het hy gesê, "en dit veroorsaak onrus en vrees." Informasie hierteen bring gemoedsrus en stel die mens in staat om vrees te oorkom.

Hy het gesê die doel van propaganda is om idees of ideale af te dwing om die mens se denkwyse te beïnvloed.

Mnr. Lass het gesê oorlog het kultuur en elke volk het sy eie styl waarmee hy hierdie oorlog aanpak.

Hy het gesê ons dink dis maar net 'n ou tweegeveggie tussen die verskillende nuusmedia. Dit lê egter veel dieper. Die sterkste vorm van propaganda is dié met die beste ideologiese dryfveer. Hy het gevra wat ons houding is en het gesê dat ons ons moet vergewis van die vyand en die sielkundige aanslae teen ons.

"Ken jouself, jou vyand – en kyk in die geloof boontoe," het hy gesê.

# Mangope verwelkom kontak

**Kontak en gesprek is die beste manier om mekaar te leer ken, het pres. Mangope van Bophuthatswana aan die Studenteraad gesê. Die SSR het op 3 Mei met 'n welwillendheidsbesoek gesprek gevoer met pres. L. Mangope, die Ministers van Buitelandse Sake en Onderwys en die Hoof van Inligting.**

Pres. Mangope het gesê daar sal aanvanklik nie gebalanseerde kontak kan wees nie, omdat daar nog geen Tswana-universiteit is nie en hoërskoolstudente nie die rypheid het nie.

Moontlike skakeling sluit nou reeds in:

- hulpprojekte in die swart staat;
- met leerlingrade van tegniese kolleges en hoërskole om hul probleme, aspirasies, en die behoeftes te leer ken;
- optrede van hul kore op die PU;
- uitnooi van sprekers, bv. dr. Jacques Kriel wat onlangs Bophuthatswana-burgerskap aangeneem het.

Hulle het ook hul interessante, moderne grondwet genoem as 'n moontlike studie-onderwerp. Die grondwet verbind hulle byvoorbeeld aan demokratiese vryheid en diskriminasie word uitgesluit. Hulle het ook besonder belang gestel in moontlike sportafrigting, veral in sokker en atletiek.

Die President sê hul eie universiteit se planne is reeds ver gevorderd – hulle gaan volgende jaar begin met lesings en bou nou al aan dertig huise vir personeel. Hulle beplan 'n balans tussen tegnologie en akademie, veral in die landbou en mynwese. Daar is nog geen besluite geneem oor die aard en grondslag van hul universiteit nie.

Die SSR het daarna hul Wetgewende Vergadering vanuit die openbare galery waargeneem. Tydens die middagete is dank uitgespreek, veral aan die president wat met griep uit die bed opgestaan het vir die besoek. Die SSR wil hulle graag jaarliks besoek om studente hulp konkreet aan te bied.

# SSR STEM VIR DANS

Die SSR het die Raad van die Universiteit versoek om hulle huidige beleid oor dans te heroorweeg of andersins te definieer en motiveer. Dié besluit is geneem in 'n mosie wat tydens die SSR-vergadering van 7 Mei met elf stemme teen ses aangeneem is.

Die SSR het hom bereid verklaar om danse aan te bied met dien verstande dat streng beheer uitgeoefen word oor toegang, drankgebruik en kleredrag.

Een van die motiverings was dat 'n skrifgefundeerde afwysing of toestemming vir dans nie in vorige ondersoeke gevind kon word nie.



*Die Staatspresident, mnr. Vorster en mev Van der Walt, vrou van die rektor, word deur dames van die Huishoudkundedepartement bedien tydens die dinee, na afloop van die hoofgradeplegtigheid van die PU waartydens mnr. Vorster as gasspreker opgetree het.*

# PU KEN ERE-DOKTORSGRADE TOE

Die Raad van die Potchefstroomse Universiteit het tydens die hoofgradeplegtigheid wat Saterdag, 5 Mei gehou is, vyf eredoktorsgrade en 30 grade toegeken. Die ere-doktorsgrade is aan prof. Jan Hendrik Kroeze, dr. Anna J. Bôeseken, mnr. J.P. Coetzee, prof. Hendrik van Riessen en mev. Tini Vorster toegeken.

Die Staatspresident, mnr. Vorster het as hoofspreker by die geleentheid opgetree. Die grade is deur die vise-kanselier van die PU vir CHO, prof Tjaart van der Walt toegeken.



*Lede van die SR voor die regeringsgeboue van Bophuthatswana saam met mnr M D Mothoagae (Hoof van Inligting). V.l.n.r. Mnre Gert Breed, Daan de Kock, Theuns Eloff, Siegfried Eiselen, M D Mothoagae, Piet Joubert, Mario Pretorius, Mej Anne-Marie Jacobs, mnr. Jan-Louis du Plooy, mej. Leenster Pasch en mnr Jan Botha. (Foto: mnr. Petri de Kock).*

**Die Pukstudente het op 16 Mei die geleentheid om te hoor wat wit, swart, bruin en Asiërstudente dink wat "Identiteit" beteken.**
**Sien berig oor raadsdialoog op bl. 3.**

# WIE WAT WAAR WANNEER WAAROM

## POLITIESE RAAD

Die studiegroep vir intern verhoudings hou op Woensdag 27 Junie 1979 'n eendag-konferensie oor "Aspekte van die toekoms van interne verhoudings in Suid-Afrika". Dit word gehou in die Milpark Holiday Inn, Johannesburg. Elf deskundiges sal referate lewer. Registrasiegelde is R10 (middag-ete ingesluit). Belangstellendes moet mnr. Siegfried Eiselen so gou moontlik kontak.

## BROSBOEKE

Handboeke vir die broseksamen sal vanaf Maandag 25 Junie om 19h00 by die SSR-kantoor beskikbaar wees.

## LIBER FACTUS

**Tema:** Gegewens uit die perd se bek.
**Sprekers:** Drie gerehabiliteerde alkoholiste.
**Wanneer:** 16 Mei, kamer 309 van die Bib.
**Tyd:** 19h30

## WIT STUDENTE NA UNIVERSITEIT VAN DIE NOORDE

Korps besoek die Universiteit van die Noorde die naweek van 24 tot 27 Mei. 'n Anglikaanse studente-organisasie het Korps daarheen genooi, en studente van Wits, Tukkies, Turfloop en Potchefstroom sal teenwoordig wees. Dit is duidelik dat daar uiteenlopende standpunte sal wees. Studente wat die kamp wil bywoon, moet hul name voor 14 Mei in bus 70 voor die S.S.R.-kantoor plaas.

## KLEURSTROKIES

● Studente hoef in die vervolg net kleurstrokies te toon by die aankoop van kleurbaadjies en sakwapens.

## KARNAVAL

Makouvlei en Karlien wen vyftig rand vir die kleurvolste vlot. Wanda en Caput wen vyftig rand vir die mees netjies afgewerkte vlot.


## Wapadjies

Bel Jacques by 3468 (Klooster) en laat 'n boodskap.

**KIES & KEUR:**
Lyk jou kamer soos Vaalwater? Kry 'n poster by Kies & Keur! Val jou knope af, nate trek los? Naaldwerkbenodigdhede galore by Kies & Keur! Behalwe materiaal, hoede, kunsblomme en mandjies, het ons nog stapels en stapels ander goed. Vat 'n dag af en kom snuffel rond by:- Kies & Keur, Tomstraat 98.

**BLY RY EN RY BLY:**
Nigrini Batterye is die naam as jy jou motor wegspringgereed wil hou – sonder sweet, sonder bloeddruk en teen 40% korting, spesiaal vir PU-studente lag jy heelpad bank toe op sakgeld-dag. Storm sommer nou na Lombardstraat 27 vir jou battery. Tel. 7805

**HOOR EN SIEN VERGAAN?:**
Radio- en TV-dienste het 'n wye reeks batterye vir rekenaars, horlosies, radio's of wat ook al.
Ons kitsrekenaars en Aiwa stereo audioversterkers vir motorradio's is ons trots – die beste op Potch, Lombardstraat 42.

**VERSLANKERS!**
Bly asseblief ver weg van TURKSTRA BAKKERY want dis meer as wat vlees en bloed kan verdra. As jy eers eenmaal jou oë laat dwaal het oor ons goudbruin koeksisters, ons heerlike "kingsize"-oliebolle, gevul met konfyt en room, terte, koeke en pasteie. Dis nie so moeilik om TURKSTRA te vermy nie. Hulle is in Kerkstraat.

**STAAK DIE GEKEKKEL:**
Sê dit liewer met blomme. Blomme betuig liefde, inspireer, troos, sê dankie. Al wat jy moet doen, is om jou gesig by die geleentheid te laat pas. HUIS EN TUIN het die blomme, kom soek jou sêgoed by ons. Tomstraat, Potch.

**TROUKAARTJIES:**
Ons het, letterlik, eenduisend-voorbeelde van troukaartjies en bybehore vir daardie mooiste dag in u lewe. Ons nooi u om gerus ons katalogus te kom deurkyk, sodat u die heel beste keuse kan maak. Ons verseker u van persoonlike aandag en sal graag u vrae beantwoord. Skakel enige tyd! Tel. 24574.

**RIETSKRAAL**
Verslank met Shape teen slegs R3.00 per blik by die Bult Apteek beskikbaar. Tomstraat 88. Tel. 5943.

**JEANS DENIM DEN**
Vir mans en dames die grootste verskeidenheid denimjeans, kakieklere en Lee's koortfluweelskeppings in Potch teen die billikste pryse. As ons iets nie het nie, sal ons dit vir u kry, want vriendelike diens is ons leuse. Besoek ons by winkel no. 4. JAYS UITRUSTERS. Tel. 8791. Indiërsentrum.



Turkstra
BAKKERY
SMAAKLIKE VLEISPASTEIE BY DIE PUK-PIK!


## STUDENTEGEMEENSKAPSDIENS IS UNIEK

**Die Sentrale Studenteraad het die behoefte aan beter koördinering van studentedienste aan die einde van 1977 raakgesien. Prof. Tjaart is hieroor ingelig en 'n komitee van ondersoek is ingestel. 'n Deeglike ondersoek is gedoen, en 'n nuwe struktuur, die S.G.D., Studentegemeenskapsdiens, het die lig gesien.**

Die struktuur is dié van unieke dienslewering waardeur studente en dosente diens aan die gemeenskap lewer. Die diens staan onder leiding van 'n beheerkomitee waarvan mnr. Sid Eckley die voorsitter is. Dit bestaan verder uit sewe dosente van verskillende departemente en agt studente wat deur die SSR genomineer is.

Die eerste verskil lê daarin dat soortgelyke instansies by ander universiteite nie uit eie beweging ontstaan het nie. Studente is ook nêrens so goed verteenwoordig in die besture van hierdie instansies, as by die PU nie.

By die PU kry verenigings en groepe studente die fondse en werkgeleenthede om diens te kan lewer. Dosente tree in adviserende hoedanigheid op, terwyl studente die praktiese dienslewering tot uitvoer bring.

SGD beoog om nie net diens aan swartes en gekleurdes te lewer soos by ander universiteite die geval is nie, maar ook aan hulpbehoewende witmense.

Verder is die SGD nie die enigste diensleweringstruktuur nie, maar dit funksioneer ook in samewerking met ander instansies en verenigings.

Vanweë finansiële en vervoerprobleme lewer SGD sover nog 'n beskeie diens. Die noodapteek van die apteker-studente, die hulpprojekte wat kerke en skole in tuislande help bou, caritasprojekte, die rokmaakklub wat bruin dogters leer klere maak, musiekonderwys, die stigting van 'n koor en sportafrigting is voorbeelde van die werk wat deur SGD gedoen word.

Tot dusver was daar 'n spontane reaksie van studente en samewerking tussen studente en dosente was uitstekend. Indien daar studente is wat belangstel, kan hulle mnre. Theuns Eloff, Petri de Kock of enige van die ander komiteelede kontak: prof H.B. Kruger, prof A.P.G. Goosens, prof J.J. de Wet, dr J.H. van den Berg, mnr. J.G. Kruger, prof Gert Scholtz, mnr Joggie Hattingh, die studenteburo asook die voorsitter van SGD, mnr Sid Eckley.


*Mnr. Sid Eckley is die voorsitter van SGD, 'n buro wat studentedienste wil koördineer.*

Die uniekheid van SGD lê daarin dat dit verskil van vorige dienste omdat dit die gemeenskap wil lei om later in al die dienste (as dit moontlik is) onafhanklik hulp aan te bied. Daar word met dienste steeds aangesluit by behoeftes en gereageer op aanvraag van die kant van die hulpbehoewendes.

## STUDENTE WERK AAN AMAJUBA

**Daar word tans op die Amajuba-terrein 'n gebou opgerig wat huisvesting (slaapplek, 'n eetsaal en toiletgeriewe) aan 72 mans en dames kan verskaf.**

Daar is egter nog heelwat werk soos ontbossing en algemene opruiming wat op die terrein gedoen moet word. Prof. Tjaart het versoek dat die studentegemeenskap moet help met hierdie werk gedurende die Julie-vakansie. Dit sal studente die geleentheid gee om betrokke te raak by hierdie saak,. veral met die oog op die voorbereiding vir die eeufees wat in 1981 gehou word.

Indien daar enige individuele studenteverenigings of ander groepe studente is wat belangstel in hierdie oproep moet hulle asseblief met mev. Coetzee by die SR-kantoor in verbinding tree.

## Polisie vra mooi

**Tydens 'n vergadering van die beheerkomitee vir Sekuriteitsdienste op 15 Maart, was die feit dat sekere studente nie die duikweg gebruik nie maar oor die treinspore loop, onder bespreking. Veral die studente van Fort en Skuur maak hulle hieraan skuldig.**

Die Spoorwegpolisie beskou hierdie oortredings in 'n baie ernstige lig. Al die treine wat die Cachet-stasie nader kom om 'n draai. Dit is uiters gevaarlik om die spoor op daardie spesifieke plek oor te steek.

Die oortreding word in so 'n ernstige lig beskou dat daar oorweeg word om mense daar te plaas om die oortreders voor te keer. Studente wat gevang word, sal aangekla word en heel moontlik 'n boete moet betaal.

In 'n onderhoud het maj. Du Toit gesê dat die Spoorwegpolisie nie bereid is om 'n voetbrug te bou nie. Hulle vra egter dat die studente hulle samewerking moet gee en die duikweg gebruik.

## Ontwikkeling vereis Evaluering

**Dit gebeur dikwels dat lede van die personeel van Departement Ontwikkeling deur studente genader word om te help met die werwing van borge vir allerlei ondernemings wat deur die studente in vooruitsig gestel word met die oog op insameling van geld vir 'n baie groot verskeidenheid van doeleindes.**

Terwyl lede van die personeel van hierdie Departement (en by name Aksie Pukmiljoen) met groot graagte in hierdie verband behulpsaam sal wees, is dit noodsaaklik dat 'n betroubare proses van evaluering toegepas word.

Met die oog hierop het die Rektor die volgende reëlings neergelê:

● Koshuisaksies: Dit sal van alle koshuisverteenwoordigers verlang word om hulle skriftelike aansoeke deur hulle betrokke huisvader te laat parafeer en aanbeveel voordat dit by Departement Ontwikkeling ingedien word.

● Van alle studenteliggame sal verlang word om dit deur die Studenteraad (of lede van die Studenteraad) te laat parafeer.

● Alle aansoeke van die kant van die studente sal eers na die studentediensburo verwys word vir aanbeveling sodat 'n betroubare evaluering van projekte verseker kan word.

## FIESTA '79 – RAU

**Die Fiesta wat van 31 Mei tot 2 Junie op RAU aangebied word, se koste is vyftien rand. (Dit sluit die verblyf en kursusfooi in).**

Daar is vervoer vanaf die PU. Die bus vertrek Woensdag 30 Mei om 17h00 vanaf die SSR-kantoor en keer Sondagoggend terug na ontbyt. Die vervoerkoste is ongeveer vyf rand.

Die program is soos volg:

● Do 31 Mei:
09h00 - 12h00 - Kursussessie
14h00 - 17h00 - Kursussessie
19h00 - - Braaivleis

● Vr 1 Junie:
09h00 - 12h00 - Skaats (R2,00 ekstra)
14h00 - 17h00 - Kursussessie
18h00-21h00 - Kursussessie
21h15 - - Fliek

● Sat 2 Junie:
09h00 - 12h00 - Kursussessie
14h00 - - Self gaan fliek of rugby kyk (Transvaal vs Middlesex) eie fondse).
19h00 - - Dinee
22h00 - - Dans

**Enige student wat wil gaan, moet VOOR Vrydag 11 Mei by die SSR-kantoor 'n inskrywingsvorm gaan haal of sy ingevulde vorm en geld daarheen neem. (tussen 13h00 en 14h00). Die geld moet nie self gestuur word nie, want 'n massa-inskrywing word gedoen.**

**Daar is beperkte inskrywingsgetalle, en studente word versoek om betyd te kom. Indien 'n student 'n vorm ontvang het en nie wil gaan FIESTA nie, moet dit vir iemand anders gegee word, of teruggebring word.**

**Handig inskrywingsvorms en die vyftien rand by André van der Walt in.**

## ● Korpsraad

### KORPS SE EERSTE SELKAMP

Die Korps bied die eerste van twee minikampe, Saterdag en Sondag, 19 tot 20 Mei aan. Die kampe is albei minikampe omdat dit eers na die sport op Saterdagoggend begin. Die doel van die kampe is om 'n wegkom kansie te gee aan alle Pukke wat moeg of verveeld voel Saterdae. Die Kampe is 'n mengsel van besinning, sosiaal en ontspanning. Die tema van die eerste kamp is: Alles tevergeefs?

Die aktuele kwessies van onder andere ontspanning, eensaamheid en die plek van die dame word ondersoek.

Die skietlys open op Woensdag 16 Junie vanaf 13h20 by die SSR-kantoor.

## ● Kultuurraad

### Koshuisredenaars kry kans

Die Retoriese Vereniging van die PU bied op Dinsdag, 15 Mei 'n interhuiskompetisie aan. Die sprekers van die onderskeie koshuise sal meeding om die kampusbeker en die beoordeling sal om 19h00 in kamer 3 van die Frans du Toitgebou plaasvind. Die beoordeling vind plaas op grond van inhoud, aanbieding en gehoorkontak van die spreker se toespraak.

Deelnemers kan self besluit op 'n onderwerp en moet ten minste 6-10 minute praat. Die twee beste sprekers wat aangewys word, sal later in die jaar, vergesel van die voorsitster die interuniversitêre byeenkoms by Rhodes Universiteit bywoon.

Belangstellendes kan voor 13h00, Saterdag 12 Mei met Irma van Rensenburg by 7388 in verbinding tree.


CERTAIN T SHIRTS
HIGH QUALITY SILKSCREEN PRINTERS
4 Grobler Street, Potchindustria
Tel. 23863

# RAADSDIALOOG ANTWOORD VRAE



*Mnr. Chris Fismer, SR-voorsitter van Tukkies en verteenwoordiger van die wit studente.*

**Op Woensdag 16 Mei word Raadsdialoog '79, met die tema IDENTITEIT, op die PU aangebied.**

Raadsdialoog bied Pukke die geleentheid om belangrike vrae waaroor hulle duidelikheid moet kry, te beantwoord. Vrae wat bespreek sal word, is onder andere **Wat is identiteit?, Waaruit bestaan identiteit?**, en **Moet identiteit beskerm word?**

Die program sien soos volg daaruit:

18h30 - 19h45:
Raadslede, verenigingslede, en alle belangstellendes vergader in afsonderlike lokale met verskillende sprekers by elke groep.

● Korpsraad:
Spreker: Ds. Ben de Klerk.
Tema: Identiteit - wat is dit?
Lokaal: Aardkundegebou (Groot saal).



*Mnr. John Douw, verteenwoordiger van die bruin studente.*

## SSR-voorsitters van Wits en Tuks spreek Pukmassa toe oor Identiteit.

● Politiese Raad:
Spreker: Mnr. Tom Larney (Sentrum vir Internasionale Politiek).
Tema: Die belang van identiteit in politiek.
Lokaal: Totiussaal.

● Kultuurraad:
Spreker: Prof. Faan Jacobs (Fakulteit Regte).
Tema: Kultuuridentiteit. Wie is ek?
Lokaal: Ekonomiese Wetenskappegebou.

19h45 - 20h00
Alle raadslede, verenigingslede en belangstellendes vergader in Totiussaal.

20h00
Vyf sprekers wat vyf verskillende studentegroepe in die RSA verteenwoordig, sal elkeen 'n kort inleiding oor die mening van sy groep ten opsigte van identiteit gee. Terwyl 'n spreker sy inleiding lewer, moet al die ander

## Wat dink anderskleuriges oor identiteit?


● Koshuisraad:
Spreker: Dr. Joh van Tonder (Sentrum vir Internasionale Politiek).
Tema: My identiteit as Afrikaner en Suid-Afrikaner.
Lokaal: K308 (Biblioteekgebou).

● Sportraad:
Spreker: Prof. Gert Scholtz
Tema: Gemengde sport en identiteit.
Lokaal: Senaatsaal.

sprekers kommentaar op hul tru-projektors lewer. Na afloop van sy toespraak, moet die spreker omdraai en die kommentare lees. Hy kies dan een van die kommentare en die persoon wat dit gelewer het, kry geleentheid om sy standpunt te stel. Terwyl hy dit doen, lewer die ander sprekers weer kommentaar op hul projektors.

Daar sal 'n tru-projektor beskikbaar wees vir enigeen wat uit die gehoor wil deelneem. Die studente sal ook geleentheid hê om vrae aan die sprekers te stel, en deel te neem aan die bespreking.

Die vyf sprekers is mnre. John Douw (namens Kleurlingstudente), Chris Fismer (namens Afrikaanse studente), Clifford Goldsmith (namens Engelse studente), Kingdom Lolwane (namens swart studente) en Fatifg Roopa (namens Indiërstudente).



*'n Aksiefoto tydens verlede jaar se Raadsdialoog. Dit word op 16 Mei op min of meer dieselfde manier aangebied.*

## Brosboek word herdruk

**'n Nuwe studente handboek gaan binnekort sy verskyning maak. Dit word reeds in die Biblioteek gedruk en sal teen die einde van die week beskikbaar wees.**

Die handboek sal baie korter wees as die vorige, omdat sekere stof uitgehaal is. As inligtingstuk vir die eerstejaar en handboek vir die Bros-eksamen was dit hopeloos te lank.

Alle rade en strukture is op datum gebring en is nou ook meer aanvaarbaar vir die student aldus Siegfried Eiselen.

Daar is nog geen datum vasgestel vir die Broseksamen nie, maar dit sal waarskynlik aan die einde van die semester of volgende semester wees. Die eksamenkomitee sal nog 'n datum vasstel en bekend maak, asook die vraestel opstel.

Daar kan egter nog geen finaliteite bereik word nie omdat die handboek nog nie beskikbaar is nie.

**● Korpsraad**

## Idiologika laat studente praat

**Studente van die PU het nou die geleentheid om in 'n intieme kring oor idees en ideologieë rakende die saamwees van mense te gesels.**

Hierdie kans word aan studente gegun deurdat die bestuur van Ideologika besluit het om 'n aantal studiegroepe te stig wat temas van sosiaal-ideologiese aard sal bespreek. Elke vyf studente wat dieselfde tema wil bespreek, sal 'n studiegroep vorm, wat aanvanklik die strydvraag met mekaar sal bespreek. Namate die gesprek vorder, sal die groep die geleentheid kry om 'n kenner as spreker te nooi, en die onderwerp met 'n boek, film of videoband toe te lig.

Die voorgestelde temas is die volgende: **Ontstaan en rigting van Christelike Wysbegeerte; Swart Teologie; Christen-kampus; Aborsie? Genadedood?; Praktiese Christenuitlewing - hoe is dit moontlik?; Sensuur; Wat is kuns?; Wat is reg? (teenoor wat is verkeerd?) Wie of wat bepaal dit?; Sluit Genesis 1 en 2 evolusie as 'n Skeppingswyse uit?; Verset en kritiek teen owerhede (gesien in die Bybel); Geldorganisasies regeer ons kapitalistiese land; Mag van Wetenskap en Tegniek; Christelike huwelik - vorm? Proefhuwelik? Egskeidings?; Die mag van die pers en Hedendaagse bygelowe.**

Studente wat belangstel moet vyf van die temas, tesame met hul naam en adres, neerskryf en die vorm in bus 75 voor die SSR-kantoor pos. Eie temas en die name van ander belangstellendes is welkom.

## SGD na Stellenbosch

Die Universiteit van Stellenbosch se Kleurlingorganisasie (USKOR), lewer dienste aan die bruinmense in die Stellenbosch- en Tygerberggebied. Hierdie dienste bestaan onder meer uit 'n mediese en tandheelkundige kliniek en dienste op plase, waar lede van CSV help met die stigting van vroue- en sportklubs. Hulle wil die werksomgewing van die bruinman verbeter (waaronder ook beter behuising verstaan word), sodat die produksie op die plase uiteindelik ook styg.

SGD beplan 'n vakansiebesoek aan USKOR. Die struktuur van SGD is op 'n soortgelyke basis as dié van USKOR, hoewel SGD nog baie moet ontwikkel. Die gemeenskapsdiens aan die PU sal later vaste personeel gebruik, hoewel dit op kleiner skaal gereël sal word.

## Werksgeleenthede in fokus

**Die Studenteburo onder leiding van prof. G.J.L. Scholtz en mnr. J.J. Hattingh beoog om in die week van 10-14 September 'n werkgewersweek in die Totiussaal aan te bied.**

Die dagbestuur van die buro het gevind dat daar 'n behoefte bestaan aan so 'n week. 'n Loodskomitee bestaande uit die Instituut vir Opvoedkundige en Sielkundige dienste, die Departement Ontwikkeling en die Studenteburo is deur die rektor benoem.

Gedurende die week word aan verskeie instansies die geleentheid gebied om studente te ontmoet en besonderhede te verskaf aangaande moontlike beroepe en werksgeleenthede. Sewentien instansies is reeds genooi, onder andere die Staatsdienskommissie, die SAW, die Kamer van Mynwese, Sanlam, IBM en die WNNR.

Alhoewel daar in die verlede pogings aangewend is om instansies op die kampus bekend te stel, het dit misluk as gevolg van gebrek aan advertensie.

Daar word verwag dat die gekoördineerde werkgewersweek meer effektief sal wees. Die diens sal gratis aan studente verskaf word.



*Mnr. Jan Botha, Karnavalkomiteevoorsitter, kyk toe terwyl mnr. Dries du Plooy, hoofbestuurder van die studentetak van Standard Bank, 'n tjek van R800 as borggeld vir karnavalvlotte aan mnr. Jan van der Walt, penningmeester van die Karnavalkomitee, oorhandig.*



*Mej. Karin van Wyk ontvang die halssnoer wat sy as prys in haar kompetisie vir Kapitaalskatjie gebruik het van mnr. Burger Smuts van Smutsdiamante.*



*Mej. Mariëtte van Vuuren, primaria van Kulu, en mnr. Willem Vogel, primarius van Thaba Jäh, ontvang namens die wenvlotkoshuise R500 van mnr. Maarten Pieterse, hoofskakelbeampte van die Departement van Gesondheid.*

**POTCH-INRY**

Mei '79 Tel. 21881

14-15 en 18-19 - 1ste - **NICOLENE** - Rina Nienaber
16-19 - 2de - **THE EYES OF LAURA MARS** - Faye Dunnaway
21-22 en 25-26 - 1ste - **EVERY WHICH WAY BUT LOOSE** - Clint Eastwood
23-26 - 2de - **AMERICAN HOT WAX** - Loraine Newman

die WAPAD

# SSR BOU BANDE MET TSWANAS

Die blote feit dat die SSR van die PU vir CHO die moeite doen om met die president van Bophuthatswana kontak te maak en die moeite en toegeneentheid van sy kant af reeds genoeg rede om bly te word. Dit is nog 'n tree op die pad van versoening en **die bou van beter verstandhoudings tussen die volkere in suidelike Afrika.**

Belangrike dinge het duidelik geword tydens dié besoek: so is dit duidelik dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n Tswana-universiteit. In 'n gedifferensieerde land soos Suid-Afrika is die ideaal dat elke *volk* sy eie universiteit sal hê. As 'n mens volstaan met universiteite vir elke ras is jou volkerebeleid van nul en gener waarde, want dan word dit 'n rassebeleid waarvoor ons geen regverdiging waar ook al sou kon vind nie. Dat die planne vir die Tswana-universiteit vorder, is dus verblydend.

Konsolidasie is ook ter sprake gebring tydens die besoek. 'n Beroep is op boere gedoen om nie uit die tuislande te trek as dié plase by die tuislande ingesluit word nie. 'n Mens kan net hoop dat boere en ander betrokkenes die perspektief en gemoedsoortuiging sal ontwikkel om aan versoeke soos dié te voldoen. As hulle hardkoppig weier, kan dit daartoe lei dat die hele volkerebeleid misluk - die regering sal in die nabye toekoms genoeg geld kan spandeer om genoegsame grond uit te koop om al die tuislande lewensvatbaar te maak nie. As sekere grondeienaars dus nie vrywillig besluit om burgers van 'n tuisland te word nie, gaan sommige tuislande nie-lewensvatbaar bly. Dan sal die blanke volk van SA 'n heel nuwe beleid moet uitdink om nog aan elke groep sy regmatige deel te gee - iets waarvoor daar nie tyd is nie - of waarskynlik die gevolge van 'n burgeroorlog moet dra. Vir die betrokke persone moet dit juis as gerusstelling dien dat president Mangope gesê het dat elke persoon die reg het om op sy erfgrond te bly.

Die minister van buitelandse sake se standpunt oor stadswartes is nie duidelik nie: hulle is vir hom geen probleem nie omdat die meeste nog bande met die Tswanas sou hê. Die probleem bly egter dat dit ongewoon is dat iemand wat permanent in 'n ander land bly sy burgerskap in ander land móét uitoefen, al is hy nou ook lid van watter volk.

## *Uit die Woord*

## GEN. 22:2

## Opstandingsgeloof

*"Toe sê Hy, neem jou Seun, jou enigste wat jy liefhet, Isak, en gaan na die berg Moria en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat ek jou sal aanwys."*

*God eis van Abraham die offer van sy enigste en geliefde Seun. Hierdie offer moet Abraham self bring.*

*Hierdie is nie die eerste keer dat God Abraham so beproef nie maar tydens sy hele lewe is hy so deur God beproef. Reeds in Gen. 12 kom die opdrag dat hy moet wegtrek na 'n vreemde land. Hy kry ook die belofte dat hy tot 'n groot nasie gemaak sal word.*

*Dit is 'n baie mooi belofte - behalwe dat Abraham en sy vrou Sara onvrugbaar is. Reeds hier aan die begin beproef God vir Abraham. Abraham het reeds op sy eie manier probeer om die belofte te vervul deur 'n kind by Hagar sy slavin te verwek. Hierdie plan van hom word verydel, want Hagar en Ismael word weggestuur.*

*Abraham moet net glo dat God wel die belofte sal uitvoer. God eis nou van Abraham opstandingsgeloof. Dit is naamlik 'n geloof daaraan dat God mag het om lewe uit skynbare dood te skep. Prakties toegepas - hy moet glo dat God aan hulle 'n kind sal gee (Rom. 4:19).*

*Abraham glo en God voorsien. Isak word vir hulle gebore. Die vaderhart is verheug. Nou kan die belofte in vervulling gaan.*

*Met 'n skok kom die eis in Gen. 22. Abraham moet daardie enigste en geliefde seun van hom offer. Hoe kan die belofte nou in vervulling gaan. Abraham vra nie vrae nie, hy glo net.*

*Het God nie alreeds aan hulle as onvrugbare ouers 'n kind gegee nie? Het die geboorte van Isak dan ook nie wonderdadig plaasgevind lewe uit dood nie? Kan God nie ook hier 'n uitkoms bring nie?*

*Met hierdie geloofsvertroue in God, kon Abraham die offer bring. Hy bring alles in gereedheid. Toe steek hy sy hand uit om sy seun te offer.*

*Vanuit die hemel weerklink 'n roepstem. Abraham word gekeer sodat hy nie sy hand aan sy seun slaan nie.*

*Abraham het die beproewing deurstaan. Hy en Isak is waardig bevind om draers van die belofte te wees. Deur die geloof kan hy doen wat God van hom eis. Hy ken God, hy weet God bly getrou aan sy woord.*

*Geloof is juis om jouself in gehoorsaamheid aan God oor te gee. Om leeg te word van jouself en sodoende deur God se Heilige Gees gevul te word.*

*Hierdie opdrag wat Abraham moes uitvoer, weerklink weereens in die Nuwe Testament. Hierdie keer is dit God wat sy enigste en geliefde seun Jesus Christus offer. Vir Hom is daar geen plaasvervanger nie.*

*God het sy seun uit liefde vir ons sondaarmense gegee om ons nuut te maak. God het Sy alles gegee - volledig gegee sonder om iets terug te hou. Juis vanweë die feit dat God alles gegee het, kan ons ook optree om God se wil te doen.*

*Hy het juis in ons ou sondige lewe weer nuwe lewe geskep. Hy rus ons toe deur Sy Heilige Gees om vooruit die geloof te leef. God het deur Jesus Christus nuwe lewe uit ons dooie harte geskep. Daarom moet ons doel en lewe wees opstandingsgeloof. Glo en weet dat God mag het om waar iets vir jou onmoontlik is, wel lewe te skep.*

*Geagte medestudent, waar jy worstel met die sonde, waar dit lyk of jou lewe op 'n doodloopstraat uitloop, waar jy 'n liefdesteleurstelling het, waar jy met watter probleem ookal worstel.*

*Glo dat God mag het om daardie probleem vir jou op te los. Glo dat God lewe uit dood skep. Glo in God drie-enig wat jou nuut maak en jou die krag gee om watter beproewing ookal te deurstaan.*

*Volhard in die geloof, want die wat verhard tot die einde toe, sal gered wees.*




*Na aanleiding van verlede week se brief oor Kampus-verkeerbeheer het Mynderd Vosloo, Die Wapad se spotprenttekenaar mooi gevra.*

# SEMESTERSTELSEL HET VOOR EN NADELE

**Die nadele verbonde aan die instelling van 'n semesterstelsel op die PU kan grotendeels uitgeskakel word deur deeglike beplanning, is die bevinding van die senaatskommissie wat ondersoek in dié verband instel.**

'n Semesterstelsel is wenslik omdat dit 'n meer gekonsentreerde karakter en 'n groter element van dringendheid aan die studiejaar besorg.

Voordele van die stelsel is dat 'n meer sinvolle kursussamestelling moontlik is; oorvleueling tussen die inhoud van vakke kan meer effektief uitgeskakel word; studente het meer motivering vir hul studies omdat die eksamen gouer na die aanvang van die studie kom; 'n student kan sy studies in die middel van die jaar hervat of onderbreek vir byvoorbeeld militêre diensplig, en 'n student kan die aantal semesterkursusse kies wat by sy vermoë pas.

Nadele van die stelsel is: 'n student kan 'n minder sinvolle leergang kies vanweë die soepelheid van die stelsel; daar is meer administratiewe werk vanweë die registrasie van meer kursusse en die eksaminering twee keer per jaar; en die semester kan te kort wees vir sommige studente om die werk met die nodige rypwording te bemeester. Dié probleme kan onderskeidelik deur goeie voorligting, departementele bekendmaking van uitslae en doeltreffende rekenaargebruik, en 'n gemengde jaar- en semester stelsel uitgeskakel word.

Probleme wat ondervind is deur universiteite wat reeds oorgeskakel het na 'n semesterstelsel is die volgende: 'n Student kan nie met 'n volgende semester se kursus voortgaan indien hy die vorige semester 'n voorvereiste-kursus gedruip het nie. Hy moet dus ses maande wag voor hy sy studie kan voortsit. Hier kan 'n 40%-voorvereiste die probleem help uitskakel.

Die afneem van siekte- en aanvullingseksamens ná die Junie-eksamen kan tydsprobleme skep omdat die tweede semester binne vier of vyf weke na die Junie-eksamen reeds 'n aanvang neem.

Geen probleme sal opduik by die erkenning van semesterkursusse deur professionele rade, ander universiteite en so meer nie. Indien so 'n liggaam 'n jaarkursus spesifiseer, moet die student inskryf vir die aantal modules wat gelykstaande is aan die vereiste jaarkursus.

Dieselfde semesterkursus word net een keer per jaar aangebied en indien 'n student in 'n voorvereiste kursus sak, sal hy òf 'n hereksamen aflê tydens die daaropvolgende semester se eksamen, òf na 'n jaar weer die geleentheid kry om die eksamen af te lê.

Kredietwaardes van kursusse by 'n gemengde semester- en jaarstelsel sal aangepas word sodat 'n student uiteindelik die totale kredietwaarde sal hê wat vereis word vir graaddoeleindes.

Semesterkursusse met modules kan ook ingestel word. 'n Module is 'n afgeronde afdeling van 'n vak met 'n naam wat die inhoud van die leerstof aandui. Modules het die volgende voordele: Die keuse van geskikte modules kan lei tot meer sinvolle graadstudie; deur die kies van geskikte modules kan die leergang beter gerig word op die student se gekose beroep; oorvleueling tussen vakke kan beter uitgeskakel word omdat die stof duidelik geïdentifiseer is; interdepartementele hoofvakke soos geofisika kan makliker saamgestel word; 'n student kan jaarliks vir daardie aantal modules inskryf wat by sy vermoë pas; en klas- en eksamenroosters word vereenvoudig omdat een dosent die dosering van 'n module waarneem en net een vraestel oor 'n module geskryf word.

Nadele van modules is die oordeelkundige gebruik van die rekenaar wat nodig is vanweë die ruimer keuse van feite by die modules; en dat 'n student 'n minder sinvolle leergang kan kies deur "makliker" modules te kies.

# PRES. MANGOPE: 'N PLEK IN DIE SON

**Pres. Lucas Mangope het aan die Studenteraad gesê hy wil aan elkeen sy plekkie in die son gee. Hulle wil in Bophuthatswana die wêreld leer dat mense kan saamleef, mekaar kan respekteer, ongeag verskille. Hulle wil daar 'n model stel vir menseverhoudinge.**

Die president het oor konsolidasie gesê dat die boere in Bophuthatswana aan ander moet kan sê dat daar geen gevaar is om in 'n swart land te boer nie. Dit is die demokratiese reg van 'n boer om self te besluit of hy wil bly op sy erfgrond, sy grond benut en voedsel produseer en burgerskap aanneem. As hy nie wil nie, kan hy sy plaas teen markwaarde bemark. Hy sou wil hê dat die grense bepaal word en die boere dan individueel besluit sodat die grond na behore benut word. Die geld van aankope kan dan vir ontwikkeling gebruik word.

Hy vra dat ons moet saamstaan as lande - dan sal die kommunisme niks kan skaad nie. Elkeen moet kan voel dat hulle iets van waarde sal verloor en dit selfs met sy lewe sal beskerm. Daar sal 'n interaksie wees op die gebiede van ekonomiese en verdediging waaruit later moontlik politieke strukture, soos 'n federasie, kan kristalliseer.

Op 'n vraag oor kontak met Afrika-lande het die Minister van Buitelandse Sake, mnr. T.M. Molatlhwa, gesê daar is gereeld informele ontmoetinge. Dit moet nie-amptelik bly, want Afrika is sensitief vir die V.V.O. Hulle paspoorte word oorsee aanvaar; daar is ook vier studente in Senegal. Pres. Senghor het ook twee eie poësieboeke aan pres. Mangope gestuur.

Hulle sien die stadswarte nie as 'n probleem nie. Elkeen moet kan kies waar hy wil bly; die lewe in Bophuthatswana moet aantreklik genoeg wees. Daar is reeds 'n waglys van persone wat in Mmabatho 'n huis wil bou. Die getal Tswanas wat geen bande meer het nie, is uiters gering, het hy die SR verseker. Hulle bly oortuig van elkeen se vryheid om te kies vir sy burgerskap.

Die SSR van die PU vir CHO het Mmabatho op 3 Mei uit welwillendheid besoek en samesprekings gevoer met die President, die Ministers van buitelandse sake en onderwys en die Hoof van inligting.

*Koshuis*

# Koshuisplanne vir die toekoms

Planne vir die toekoms aangaande die koshuise is onder andere verbetering van voorbereiding en opdiening van voedsel en bevoordeling van die student waar moontlik. Dit is maar 'n gedeelte van wat die nuwe hoof van koshuisadministrasie, mnr. D.P. Coetzee, beplan.

Mnr. Coetzee se benadering van probleme is dié van 'n oop gemoed teenoor die kosganger. Die administrasie moet van alle probleemareas te wete kom deur die student. Die studente kan van ordelike kanale gebruik maak om hulle saak te stel, maar mnr Coetzee het daarop gewys dat hy altyd beskikbaar sal wees om met individue en groepe samesprekings te voer. Deur die student se samewerking, kan probleme baie gouer en makliker opgelos word. Daar word reeds navorsing en ondersoeke na moontlike knelpunte gedoen.

Apparaat is reeds aangekoop vir beter voorbereiding en daar sal ook toegesien word dat kos minder en aantrekliker opgedien word. Dit hang egter alles af van die koste daaraan verbonde en beskikbare tyd. Spyskaarte is reeds hersien en daar word beoog om 'n dieetkundige aan te stel om toesig te hou oor die voorbereiding. Hy sal ook raad en advies aan die koshuispersoneel gee. Die administrasie beoog verder om met die koshuise van ander universiteite en instansies te skakel om meer kennis en inligting te verkry.

Mnr Coetzee is ook ten gunste daarvan dat koshuispersoneel nie op Sondae hoef te werk nie. Hy meen dat mens nie altyd daarvan bewus is dat hulle baie hard werk nie. Dit berus egter by die beheerpersoneel om verder daaroor te besluit maar of dit prakties moontlik is, is 'n goeie vraag.

Toestemming is reeds verkry vir die bou van 'n nuwe manskoshuis. Dit sal 500 mans huisves en sal gebou word op die terrein onderkant Skuur. Van die plan om dit oorkant die spoor te bou, is afgesien. Die datum wanneer dit gebou sal word, is nog onbekend, maar dit sal in die nabye toekoms wees. Aangesien die koshuis nie voldoen aan huidige behoeftes nie, sal daar ongeveer oor twee jaar 'n deel aangebou word met plek vir nog 500 manne.

Daar is geen aanduidings dat koshuisgelde verhoog gaan word nie, tensy buitengewone prysstygings opduik. In die toekoms sal 'n analise bekendgestel word wat die student sal inlig omtrent die besteding van sy geld.



*Die nuwe hoof van koshuisadministrasie, mnr. D.P. Coetzee, wat bevoordeling van die student voorstaan.*


## Nuut op die Bult Tel. 8071

Guys & Dolls-haarsalon tot u diens! Ons bied spesiale pryse aan alle mans- en damestudente vir die sny en droogblaas van kapsels, en wat meer is, ons is kunstenaars op die gebied van sny volgens gesiglyne.
Verlang u 'n perm, kan ons u die volgende aanbied teen sub-ekonomiese pryse:



MINI VOGUE vir slegs R11,40
NATURAL STYLE en STYLE FORM R15,70
'n Bietjie duurder, maar tog so elegant, is Perfect Touch, Design, Stag, Coiling en Piggy Back-perms.

**En onthou tog, die sny by 'n perm is heeltemal gratis! Vir spesiale geleenthede, of as u sommer lus voel om bietjie anders te lyk, kom sien ons oor 'n set, of 'n tint, of albei — watwou!**

**GUYS & DOLLS** Tel. 8071


## KLOOSTER

**Die Pikkewyne van Klooster is nou in hulle natuurlike omgewing.**

Noudat die ysbere oral begin rondloop, kom die Kloostermanne eers werklik tot hulle reg. Daarvan getuig die geslaagde Ysskaatsaksie wat verlede Woensdagaand met Kasteel gehou is. Gesoute skaatsers was daar nie juis nie en daar is meestal op die vloer rondgeskarrel en gekruip.

Die eerste rugbyspan sukkel bietjie om op dreef te kom. Hulle kon ongelukkig nog nie daarin slaag om vanjaar 'n wedstryd te wen nie. Die derdespan moet egter gelukgewens word met hulle puik oorwinning oor Villagers verlede Saterdag. Hulle het gesorg vir aanskoulike rugby en as die manne fikser was, sou die telling beslis nog hoër gewees het.

Met die ander sportsoorte gaan dit ook goed. Overs se tennisspan lek hulle wonde nadat hulle verlede Woensdag met 7-1 verloor het. Die trapkar het ook Woensdagmiddag 'n oorwinning behaal.

Toetse is dus feitlik al wat die bestaan hier bedreig, want Pikkewyne was nog nooit goeie studeerders nie.

## HEIDE

**Soos die gebruik elke jaar, het Heide weer hierdie jaar hul Klaradynaksie gehad. Hierdie jaar was dit regtig 'n groot sukses aangesien Heide, Klaradyn, Overs en Taaibos die aksie geloods het. Die geesvangery het verlede Donderdag in aanvang geneem met Overs se "Groot Brag".**

Die Tukkies het Saterdagoggend hier gearriveer. Mededinging het op verskeie vlakke plaasgevind. Die toutrek en veerpyltjie-tegnieke van Klaradyn was beter as die van Heide, maar andersins het hul totale oorwinning behaal.

Die vier koshuise het die middag op Pote se velde saamgetrek en die trompoppies van Heide het 'n puik vertoning gelewer. Heide en Klaradyn se sjampanjenooientjies het ook elk 'n glasie geklink saam met die HK-lede van Overs en Taaibos.

Die twee manskoshuise se wynspanne was voorwaar prettig, want vyftien lighoofdige mans wat rugby speel, is lagwekkend.

Die aand is afgesluit met heerlike kerrie en rys in Overs se vierkantjie.

Die dames van Heide wil die Oversmanne hartlik bedank vir die fantastiese gees.

## LIBERALIA

**Liberalia en trapkar blyk weer vanjaar sinonieme begrippe te wees wanneer jy in sportkringe die koshuis se naam noem. Selfs rugby het 'n faktor geword om mee rekening te hou.**

Liberalia en Klooster lê aan die voorpunt in die koshuisliga en hul trapkar behoort die ander spanne nog baie hoofbrekings te gee.

Die rugby-oefening word deur feitlik die helfte van die inwoners bygewoon.

In dameskringe bestaan daar kommer oor die "bachelor" brigade wat elke dag groter word. Gelukkig is daar nog mans wat ten spyte van die druk nog die skonere geslag bly volg, al moet hulle ook in Griekeland gehaal word.

# Môre se Intervarsity



## SPORTSRAAD:


Nou nie meer 'n sportdag nie, maar 'n volwaardige Intervarsity! Dit is wat 12 Mei vir RAU uitspel. Dus, nog 'n groot gebeurtenis wat eg is aan studentwees en wat op verantwoordelike wyse, ten volle aangegryp en geniet behoort te word.

Kom PUKKE! ons gaan wys ons kritici daar is niks fout met die PUK-gees nie en dat ons ware PUKKE is. Ondersteun ons sportmanne in al die sportsoorte, want alle inspirasie word verkry van die PUKKE! Intervarsity word nie net gewen deur rugby nie, maar deur alle sportsoorte.

Aan al die sportmanne en -vroue wat deelneem – Voorspoed vir die Intervarsity! Mag die harde arbeid en sweet goed beloon word en daardeur die PUK se naam verhef word.

En onthou! Laat Sport seëvier!

Pieter Groenewald.



## SOKKER:

Môre draf die PU I sokkerspan, uit teen RAU I. Die PU-span se fiksheid, briljante kontrole, en fyn tegniek gaan sake vir RAU baie moeilik maak. Na maande se harde oefening en 'n hele universiteit se motivering agter hul, gaan die PU span beslis môre die gelukkigste van die veld afdraf.

Aan die spelers en ondersteuners, gee net jul beste, jul weet wat jul kan doen.

Egon Schulze

## MANSHOKKIE:

Teen hierdie tyd is dit alreeds alom bekend dat die Raukies nie meer sommer met die kaal hande aangepak kan word nie. Dit maak hulle egter nie onoorwinbaar nie, inteendeel die manshokkie gaan hierdie jaar beslis met die oorwinning wegstap. Die afgelope twee weke is bestee aan intensiewe oefening en voorbereiding en daarom is ons oortuig dat daar net een uitslag gaan wees.

Geniet die intervarsity en sterkte aan al die ander spanne.

Nico Breed



## KARATE:

Die span is baie sterk met groot potensiaal. Die span onderneem om te wen. Jammer RAU! julle is goed en sterk, maar ons is beter en sterker.

Die eerste keer vir 'n lang tyd kan die PUKKE weer 'n A- en 'n B-span inskryf. RAU, word net beskou as voorbereiding vir die SAU, maar die voorbereiding hier is gedetermineerd. Sterkte vir julle, want julle het dit nodig.

Piet Pretorius.

## DAMESHOKKIE:

Die PU dameshokkie sien uit na die intervarsity môre teen RAU. Die spanne van RAU sal hul besonder knap moet gedra as hul nie die spit wil afbyt nie. Die klub stuur twee universiteitspanne en nege koshuisspanne. Namens die klub - alle sterkte en voorspoed. Ons verwag van julle net die beste.



## NETBAL:

Die twee netbalspanne van die PU kan getuig van deeglike en intensiewe voorbereiding vir die komende RAU intervarsity. Die afrigster, Triena Mulder, het deeglike werk gedoen en daarvan sal die uitslae wel getuig. Die ses koshuisspanne wat deelneem sal RAU ook op hulle neuse laat kyk. Aan die Pukke wil ons net sê: Ons kan die ding nie sonder julle doen nie, en met julle ondersteuning sal ons julle nie teleurstel nie. Aan die ander sportspanne wat gaan deelneem wil ons net alle sterkte en voorspoed toewens. Onthou: daar is net een span wat kan wen en maak seker dat dit julle is!

Aan die Rautjies wil ons slegs enkele sprekende woorde sê: daar sal geween wees en gekners van tande.

Louise Wessels

## GHOLF:

Na aanleiding van die vordering in PU gholf en die onlangse uitslae teen die sterk span van Tukkies, is die PU beslis die volslae gunsteling om die "kinderparty" teen RAU te wen. Van lae voorgeë en skitterespelers is daar nie 'n tekort in die PU span nie. Daar wag beslis 'n groot pak slae op RAU. Die Pu spelers beloof dat die vyfurelange stryd die swartste ure in RAU se bestaan sal wees.

Pukke, ons vra jul ondersteuning op Randpark teen RAU.


Die Wapad word gedruk deur
Promedia
TEL. 832301, PRETORIA



**Kom vergelyk ons pryse en kwotasies**

**SPARNO**
**VIR PRYSE**



Sport-T-hemde, klein hoeveelhede
Tennisballe R8,10 per doos
Nuwe PUK-T-hemde R3,15 stuk
Rugbyskoene alle fabrikate
Sweetpakke

**Retiefstraat 44 — Tel. 5513**

# PUK - INTERVARSITY - RAU

## PROGRAM

### *Saterdag - 12 Mei 1979*

| TYD | SPORT-SOORT | SPANNE | Lokaal/ Velde | Plek van aanmelding |
|---|---|---|---|---|
| 08h00 | Gholf | Mans | Randpark | Randpark |
| | Karate | Kumite A-span | Sportsaal | Sportsaal |
| | | Kumite B-span | | |
| | | Kata A-span | | |
| | | Kata B-span | | |
| | | Spankata Mans en Dames | | |
| | | Individuele Kata - Dames | | |
| 08h30 | Pluimbal | Mans A-span | Sportsaal | Sportsaal |
| | | Dames A-span | | |
| | Muurbal | Mans A-span | Sportsaal | Sportsaal |
| | | Mans B-span | | Muurbal- |
| | | Dames A-span | | bane |
| | Dameshokkie | Heide vs RAU III | E Cuyler A | Hokkievel- |
| | | W-'n-B vs RAU V | E Cuyler B | de |
| | | V-m-n vs Skoonveld | Orban A | |
| | | Dinki vs Alomdraai | Orban B | |
| | Rugby | Drakenst. vs Afslaan | Stadion B | Rugbyvelde |
| | | Klooster vs Oppierif B | Stadion A | |
| | | Dawie Dup vs Vorendag B | E Cuyler II | |
| | Kano | 500 m K1 Mans | Wemmerpan | Wemmerpan |
| | | 500m K1 Beginners | | ontmoet |
| | | 500m K1 Dames | | |
| | | 500m K2 Gemeng | | |
| | | 4x250m K1 Aflos Mans | | |
| | | 4x250m K1 Aflos Dames | | |
| | Tennis | Mans A-span | Stadion | RAU - ten- |
| | | Dames A-span | Vorentoe | nisbane |
| | | | Hoërskool | ontmoet |
| | Tafeltennis | Mans A-span | Studente- | Sportsaal |
| | | Mans B-span | vlak | |
| | | Dames A-span | | |
| | Onderwater | Onderwaterhokkie | | |
| | | Mans A-span | Hillbrow | Hillbrow |
| | | Mans B-span | | swembad |
| | | Dames A-span | | |
| | | Scuba | Emmarentia Dam | |
| 08h30 | Stoei | 57-62kg | Koshuis F | |
| | | 62-68kg | | |
| | | 68-74kg | | |
| | | 74-82kg | | |
| | | 90-100kg | | |
| | | Bo 100kg | | |
| | Netbal | V-m-n vs Oorkant | E Cuyler A | Netbalbane |
| | | Kasteel vs Alomdraai | E Cuyler B | |
| 09h15 | Netbal | Karlien vs Amper Daar | E Cuyler A | |
| | | Oosterhof vs Kruinsig | E Cuyler B | |
| 09h30 | Dameshokkie | PU II vs RAU II | E Cuyler A | Hokkievelde |
| | | Wanda vs RAU IV | E Cuyler B | |
| | | Karlien vs Kruinsig | Orban A | |
| | | Oosterhof vs Benjymijn | Orban B | |
| 09h30 | Rugby | Caput vs Oppierif | Stadion B | Rugbyvelde |
| | | PU O/19 vs Vorendag | E Cuyler II | |
| | | PU O/20 B vs RAU O/20B | Stadion A | |
| 10h00 | Sokker | PU I vs RAU I | E Cuyler I | E Cuyler velde |
| | Judo | Mans A-span | Koshuis F | Sportsaal |
| | | Dames A-span | | |
| | Landloop | Mans | Kampus Ekstra | Sportsaal |
| | Gewigoptel | Mans Gewig | Gimnasium | Sportsaal |
| | | Mans Krag | | |
| | Netbal | Heide vs Benjymijn | E Cuyler A | Netbalbane |
| | | Klawerhof vs Skoonveld | E Cuyler B | |
| 10h30 | Rugby | Overs vs Kanniedood | E Cuyler II | Rugbyvelde |
| | | Hombre- vs Drommedaris | Stadion B | |
| | | PUK III vs RAU III | Stadion A | |
| | Dameshokkie | PU I vs RAU I | E Cuyler A | Hokkievelde |
| | | Klawerhof vs Amper Daar | Orban A | |
| | | Kulu vs Oorkant | Orban B | |
| | Manshokkie | PU III vs RAU II | E Cuyler B | E Cuyler |
| 10h45 | Netbal | PU II vs RAU II | E Cuyler A | Netbalbane |
| 11h30 | Netbal | PU I vs RAU I | E Cuyler A | Netbalbane |
| | Tuimel | Mans | Sportsaal | Sportsaal |
| | | Dames | | |
| 11h45 | Manshokkie | PU I vs RAU I | E Cuyler A | E Cuyler |
| | | MIDDAGETE | | |
| 13h00 | Rugby | PU 0/20 A vs RAU 0/20A | Stadion A | Stadion |
| 14h15 | Rugby | PU II vs RAU II | Stadion A | |
| 15h35 | | TROMPOPPIES | | |
| | | SJAMPANJENOOI | | |
| 16h00 | Rugby | PU I vs RAU I | Stadion A | |
| 18h00 | Skemerkel-kie | (Slegs op uit-nodiging) | RAU Personeelrestaurant | |
| 19h00 | Massa vermaak en Ontspanning | | Sportsaal, Koshuis F en Studentvlak | |

NB!!
1. Koshuise eet by die koshuis teen wie hy deelneem. Etekaartjies sal deur gaskaptein aan PUK-span oorhandig word!
2. Toegang tot RAU-stadion - R1,00
3. Alle vervoer vir deelnemers vertrek om 5.56 vm vanaf Oosterhof.



**PU I RUGBY**

*Vlnr agter: Deon Vosloo; N. Nortje; Vic de Klerk; K. Troskie; N. Tromp; Dolf Jonker; Piet Conchar; K. van Wyk; James Young.*
*Vlnr Voor: James Stoffberg (afrigter); F. Schutte; Michael Carlisle; L. van der Walt; Jorrie Jordaan; Zillen Roos. (Kapt. André Markgraaf - inlasfoto) foto: Thys Hart*



**IBBIES:**

*Vlnr agter: Ertjies Bezuidenhout; R. Fox; F. Fouché; A. Oelofsen; Herman Flemming; J. Henning; Peet Snyman; H. Syfert; Paul Coetzer.*
*Voor: Theuns Eloff; Piet de Haas (kapt.); T. Loots; Botter Marais; Wynand Krone; Louw Venter. (foto: Thys Hart)*



**PU I SOKKER**

*Vlnr agter: Jochim van Oort; James Moody (kapt.); Henning van Aswegen; Jos Swardt; Fielies Kotze.*
*Voor: Ludi Henning; Egon Schulze (afrigter); Gerald van Wyk; John Geeringh; Ernst Kubirske; Lawren Oelofse. (foto: Thys Hart)*



**PU I NETBAL**

*Agter vlnr: Marieta van Eeden; Rina Papenfus; Leonie Scott.*
*Voor vlnr: Louise Wessels; Lynette Smith; Hettie Venter. (afwesig: Adrie Olivier) (foto Thys Hart)*



**PU I HOKKIE**

*Agter vlnr: Karen Hoogenboezem; Anita de la Porte; Phia du Plessis; Ilse Bolton; Saartjie de Villiers (o/kapt.); Marlene Miller.*
*Voor vlnr: Cornelia Meyer; Esparanza Combrinck; Naomi Davel (kapt.); Retha Burger Foto: Thys Hart.*



**PU I HOKKIE**

*Agter vlnr: Desmond van Heerden; Frikkie Taute; André Ferreira (kapt.); Anton (Gemmer) Nel.*
*Middel vlnr: Douglas Smith; Nico Breed; Johan Ferreira; Wim Vergeer.*
*Voor vlnr: André Olivier; Dennis Thomas; Pierre van Heerden. Inlas: Kallie Grünschloss (Foto: Thys Hart).*